

**DEMOKRATISERING IN DIE GESKIEDWETENSKAP**  
 Van 'n elitegeskiedenis van bo tot 'n alledaagse geskiedenis van onderaf\*

**F A van Jaarsveld**

*Professor Honorêr, Universiteit van Pretoria*

**SUMMARY**

Democratization in historical science

In contemporary European historiography there has been a move away from the old Rankean concept of an 'elite' history from above to a new perspective of history from below, dealing with the lives of ordinary people at the base of the social pyramid.

Whereas Ranke, the founder of historical science in 19th Century Germany, based his model on themes like the state, politics and great men to be studied by the hermeneutical individualizing method, Braudel, his French counterpart in the 20th Century, broadened the field of history by studying processes and structures (socio-economic, demographic and anthropological) in accordance with the analytical method of the systematic social sciences.

However, in the fifties of the 20th Century, British Marxist historians like Hill, Hobsbawm and Thompson protested against the new kind of history from below and presented the history of peasants and workers from "the bottom up". It constituted an ideologized and politicized approach with a view to activating ordinary people to fight for a better deal. The British Marxist historians laid the foundations of the American Radical Historians Association which also used their History Workshop method in a process of democratization of history, activating the lower classes and using history as a political weapon against an affluent society.

British, American and French influence can be detected in the "new school" of South African radical historiography which offers an "alternative history from below". It resonates with the lives of ordinary people instead of reflecting the deliberations of the ruling classes or the theoretical concerns of structuralist abstractionism. Thus historical study "democratized" in History Workshops to produce a "people's history" dealing with the "common man" of the South African working class. Ordinary people partake in the Workshops bringing forth "experienced" history based on oral evidence, which amounts to "pop" history.

Historical democratization also entered West German historiography in the form of History Workshops, and can be seen as a reaction to the dehumanizing aspect of abstract structural history. In the past 15 years there has been a call for a "daily life" history of ordinary people from below, also depicting life-experience based on oral tradition. It is an attempt to bridge the gap between professional history and the common reader, using "thick description" in a narrative form. Because the new 'daily life' history as practised by laymen in History Workshops is sometimes devoid of theory and a rational scientific approach, it could end up in a cul de sac, leading to nowhere.

## Agtergrond: Die verruiming van die historiese tematiek<sup>1</sup>

In die jongste tyd het 'n nuwe stroming in die Westerse geskiedskrywing, Suid-Afrika ingeslote, opgekom, nl. 'n nuwe "geskiedenis van die alledaagse" wat onderskei moet word van die *ou* alledaagse geskiedenis soos byvoorbeeld deur G M Trevelyan beoefen. In den breë gesien het die historiese belangstelling van 'n elite-geskiedenis van bo na 'n groeps-geskiedenis van onder verskuif, om metafories te praat, byna soos 'n piramied wat op sy kop gestel is. Hierdie verskuiwing van perspektief het 'n lang aanloop gehad waarna kortliks verwys sal word. Daar sal ook gekyk word na die rede vir die ontstaan van wat "demokratisering" in die geskiedwetenskap genoem kan word, asook die moontlikhede, probleme, kanse en nadele daaraan verbonde. Daar moet egter onderskeid getref word tussen die geskiedenis van onder-dimensie wat 'n normale uitvloeisel is van die verbreding van die wetenskaplike tematiek en die huidige modeverskynsel van die "aliedaagse" lewe van die gewone (of "kleinmenses") wat, as 'n geskiedenis van onder af boontoe gesien, met "demokratisering" gemoeid is, en om dié rede as populêre "volks"-historie of "pop"-geskiedenis (dink aan "pop"-musiek) getipeer kan word.

Ons weet dat die geskiedskrywing van die Verligting (Voltaire byvoorbeeld) sosiaal-ekonomiese toestande en kultuur- of beskawingsgeskiedenis tot objek van studie gehad het, gebaseer op kosmopolitisme, universalisme en die vooruitgangsidee. Met die koms van Ranke het 'n reaksie teen sowel die objek as die generaliserend-analitiese metode van die geskiedenisbeoefening ingetree insoverre sy model van wetenskaplike geskiedskrywing gebaseer op die Historisme, Idealisme en Romantiek, 'n wesens-onderskeid getref het tussen die geestesverskynsels wat prinsipiële 'n ander metode verg om tot kennis daarvan te geraak as die natuurwetenskaplike metode met sy analise, soek na wette en veralgemening. Terwyl die natuur volgens Ranke die skouspel is van herhalende verskynsels is die geskiedenis saamgestel uit besondere, unieke en onherhaalbare menslike optrede wat slegs deur die hermeneuties-individualiserende verstaanmetode beskryf kan word. Sowel die metode as die tematiek is daardeur vereng, indien nie vereensydig nie. Die objekte van die "algemene" geskiedenis was sedertdien die staat en politiek, grootmanne, diplomatie en oorloë, d.w.s. 'n elite-geskiedenis van bo.

Staat en samelewing het teen die einde van die 18de eeu uitmekaarbeweeg, 'n verwydering wat geaksentueer is deur die nywerheidsomwenteling wat sosiale probleme en massaverskynsels tevoorskyn gebring het. In die opkomende samelewingswetenskap of sosiologie het die Duitse historici 'n bedreiging vir die staat gesien. Daarom het die breër segmente van die sosiale, ekonomiese en kultuurgeskiedenis irrelevant vir die "algemene" politieke geskiedenis geword. Uitgestoot uit die "algemene" (politieke) geskiedenis het die sosiale geskiedenis hom enersyds aan die nie-politieke kultuurgeskiedenis verbind en andersyds aan die ekonomiese geskiedenis wat ook nie plek in die "algemene" geskiedenis kon vind nie, hoewel beide nog as "takdisiplines" van die geskiedenis beskou is. "Sosiaal-ekonomiese geskiedenis" is deur die tradisionele historici as 'n "histories-materialistiese" bedreiging vir die staat gesien. Terselfdertyd was daar skeptisisme teenoor die kultuurgeskiedenis wat snel tussen 1871 en 1890 opgekom het, nádat die nasionale verenigingsbewegings in vervulling gegaan

---

Vir besonderhede oor hierdie agtergrond kyk F A van Jaarsveld: *Westerse Historiografie en Geskiedenisfilosofie*, HAUM, Pretoria 1980; *Moderne Geskiedskrywing*, Durban 1982 en *Wie en Wat is die Afrikaner?* Kaapstad 1981, pp. 101–128.

het; dit het gelyk asof die politieke geskiedenis besig was om sy posisie as bondgenoot van die staat te verloor. Die objek van die sosiaal-ekonomiese en kultuurgeskiedenis was van nie-politieke aard, soos families, stande, klasse, geestes- en literêre dinge, gebruiksvoorwerpe, behuising, genotmiddels, gewoontes, gebruike, die “alledaagse” lewe en maatskaplike groepe. Omdat dit as 'n “samelewingswetenskap” beskou is, het die gevestigde “algemene” geskiedenis dit as 'n randdissipline gesien, nl. as 'n soort opposisiewetenskap.

Teen hierdie agtergrond moet die Duitse polemië oor die “eintlike veld” en die “ware metode” van die geskiedwetenskap ná 1888 gesien word. Die Ranke-model van “wetenskaplike” geskiedskrywing het 'n oorwinning behaal en die objek van navorsing is behou, nl. die staat en politiek en wat daarmee saamhang, wat verdere verenging beteken het. Ook die aanslag via die kultuurgeskiedenis se positivisties-naturalistiese metode wat op anonieme kollektiewe verskynsels gerig was, is afgeweer, veral ten aansien van Karl Lamprecht se *Deutsche Geschichte*. In teenstelling met Ranke se konsep van die eenmalige en individuele in die geskiedenis, was Lamprecht se ondersoek gerig op die vasstelling van die tipiese, algemene, rasionale en sig herhalende d.i. wetmatige verloop van 'n kollektiewe sielsevolusie en sosiaal-psigiese tydperke. Teen 1899 was die posisie van geskiedenis verseker teen die aanslag van die sosiologiese, d.w.s. natuurwetenskaplike, metode wat op die sistematiserende en veralgemenende analitiese “verklaar”-metode berus het: Geskiedwetenskap bestudeer die staat, politiek en persoonlikhede volgens die individualiserende “verstaan”-metode wat uniekhede vasstel. 'n Skerp breuk met die sosiale wetenskappe, veral die sosiologie, het ingetree en nie voor die sestigerjare van die 20ste eeu is dit in die Duitse geskiedwetenskap geheel nie.

Eers ná die Tweede Wêreldoorlog is daar besef dat Ranke se beperking van die historiese tematiek die gevolg was van tydsomstandighede. In die ná-Napoleontiese tyd van 'n voor-industriële wêreld was die staat in die ou Europa sentraal. Die nywerheids-omwenteling het egter nuwe vrae oor 'n veranderde samelewing laat stel. 'n Jong geslag historici was teen 1960 nie meer tevrede met die elite-tematiek van staat, politiek en groot manne nie. In 'n veranderde intellektuele klimaat en 'n sosialistiese lewens- en wêreldbeskouing wou hulle meer weet van die gewone mense en hulle alledaagse lewe deur die tyd. 'n Reaksie het dus teen die Ranke-model van geskiedskrywing ingetree en bowe-individuele, kollektiewe verskynsels is bestudeer wat die geskiedenis van onderaf laat bekyk het. Die klem het van die staat, politiek, gebeurtenisse en individuele handeling verskuif na historiese prosesse en strukture waarin Hans-Ulrich Wehler met sy begrip van geskiedenis as 'n “histories-sosiale wetenskap” 'n sleutelrol gespeel het. Daar is van tipeserende en generaliserende begrippe en teorieë gebruik gemaak en die tematiek het verbreed na die onderste lae van die samelewing, groepe, klasse, arbeidsbeweginge en -konflikte, vroue- en familie-geskiedenis en kollektiewe mentaliteite.

Onder “algemene” geskiedenis is nou nie meer staats- of politieke geskiedenis verstaan nie, maar ook sosiaal-ekonomiese verskynsels wat 'n verklaring vir die politieke gang van sake bied. Die vroeër verwaarloosde sosiale geskiedenis het in die mode gekom en daarmee is nader beweging aan die sistematiese sosiale wetenskappe van wie se kousaal-analitiese metode en kollektivistiese temas gebruik gemaak is om die eie, hermeneuties-individualiserende verstaanmetode aan te vul. Die kloof wat teen die einde van die 19de eeu tussen geskiedenis en sosiologie ontstaan het, is deur die beoefening van die sosiale geskiedenis grootliks oorbrug. Daar is wegbeweging van Ranke se politieke elite-geskiedenis na die gewone, deursneemende en sy alledaagse

lewe, wat 'n verruiming van die tradisionele tematiek was. Die verskuiwing was onder meer beïnvloed deur ontwikkelings in die VSA, Frankryk en Brittanje, waar soortgelyke verbredings van die studie-objekte van geskiedenis plaasgevind het.

In bogenoemde lande was daar nog vroeër as in Duitsland 'n terugkeer na, maar ook 'n voortsetting van die historiese tematiek van die 18de eeuse Verligting waarvan die Positivisme 'n laatlammetjie was. Toe die historiese benadering van die werklikheid in twee takke gesplits het – die hermeneuties-individualiserende verstaanmetode van die Historisme met sy objek van staat en politiek, en die analities-verklarende metode van die Verligting en Positivisme met die samelewing en kultuur of beskawing as objek – het laasgenoemde in Frankryk en Brittanje, later ook Amerika, bly voortleef.

Teen die einde van die 19de eeu het daar, soos in Duitsland, ook in Frankryk reaksie gekom teen die Ranke-model van geskiedskrywing. Die vernuwingsbeweging het van die sosiologie uitgegaan. Politieke geskiedenis is gedegradeer tot oppervlakte- of gebeurtenisgeskiedenis. Die versetbeweging van jong historici soos Bloch en Febvre het uitdrukking gevind in die Annales-groep wat eers ná die Tweede Wêreldoorlog 'n oorwinning oor die tradisionele geskiedskrywing behaal het en toonaangewend in die Weste geword het. Dit is diepte-geskiedenis genoem. Die historiese tematiek is verbreed tot die onderste lae van die samelewing. Daar was noue verbinding met die sosiale wetenskappe van wie se metodes gebruik gemaak is om te kwantifiseer en prosesse en strukture toe te lig. Alle geskiedenis is as “sosiale” geskiedenis gesien en geskiedenis 'n “sosiale wetenskap” genoem. Ekonomiese geskiedenis, historiese psigologie en antropologiese geskiedenis het in die mode gekom en nuwe bronne buite die amptelike argiewe is ontgin.

In feite is oorgegaan tot 'n “totale” of geïntegreerde ekonomiese, sosiale en kultuurgeskiedenis wat “die mens” tot objek van studie het. In dié skool is weggedoen met die verhalende geskiedenis en tot 'n analities-generaliserende benadering oorgegaan. Streeksgeskiedenis, kwantitatiewe konjunkturgeskiedenis, struktuurgeskiedenis, demografiese, antropologiese en mentaliteitsgeskiedenis was die gevolg. Die jonger geslag het ander vroe as die tradisionele elite-groep gestel wat in leiers en staatsoptrede geïnteresseerd was. Die nuwe vroe het die massa-samelewing, groepe van die voor-industriële samelewing geraak. Dit het tot die basis van die samelewingspiramied deurgedring, en die onderste lae, boere, arbeiders, dus die “gewone” deursneemings en sy alledaagse lewe, materiële kultuur en mentaliteit of lewens- en wêreldbeskoulike denkwysse aan die lig stel. Daar is vroe gestel oor hoe die geskiedenis van onder af lyk, hoe die “klein mensies” geleef, gewerk, gedink en gevoel het.

Byna tegelyk met die Franse sosiaal-wetenskaplike geskiedskrywing het aan die begin van die 20ste eeu ook in die VSA *reaksie* ontstaan teen die gevestigde model van geskiedskrywing soos deur Ranke gegrondves. Hierdie “New History” van jong historici soos Robinson, Beard, Becker en Barnes is enersyds deur die industriële samelewing en andersyds deur die opkoms van die sosiale wetenskappe geïnspireer, was dus “progressief” en gerig op die breë massas aan die basis van die sosiale piramied. Soos die sosiologie wou dit sosiale vraagstukke help oplos, vandaar die benaming “presentisme”. Die nuwe van die “New History” lê in 'n sosiaalwetenskaplike benadering asof geskiedenis 'n sosiale wetenskap is. Daar is gehoop om die kloof tussen die professionele historici en die publiek te oorbrug, o.a. deur 'n meer leesbare geskiedenis aan die gewone mens te bring. Dié geskiedenis het sterker klem op beskawing en kultuur as staat en politiek gelê en op die onderste lae van die industriële samelewing gekonsentreer.

Om saam te vat: Die geskiedwetenskap in sy oorspronklike vorm en veral politieke geskiedenis, het in Duitsland in die 19de eeu ontstaan; dit het sy neerslag in die Historisme gevind en word deur Ranke verpersoonlik. Die 20ste eeu het die triomf van die sosiaal-ekonomiese geskiedenis gebring. Dit het in Frankryk ontstaan en word gekenmerk deur die Strukturalisme soos beliggaam deur Braudel. Sommige historici sien dié ommekeer van die top van die piramied na die basis as 'n Annales-rewolusie in die geskiedskrywing, of ook as 'n paradigma-wisseling. Die eerste rigting het die tweede egter nie verdryf nie. H.L. Wesseling<sup>2)</sup> glo dat daar 'n sintese of simbiose van beide rigtings tot stand gekom het. Die moderne historikus leef vreedsaam met 'n aantal ideë van die Historisme en Strukturalisme, nl. die siele van Ranke en Braudel wat in sy bors verenig het — 'n verbintenis van die hermeneuties-individualiserende verstaan- en die analities-verklarende metode. Sowel die top as die basis van die samelewingspiramied het studie-objekte gelewer: geskiedenis van bo én geskiedenis van onder.

Britse Marxistiese geskiedkundiges se “history from the bottom up” en die New Left se “radical social history”: “demokratisering” in “History Workshops” as bevrydende “pop”-geskiedenis

Sekere groepe historici in Brittanje en Amerika was nie tevrede met blote “geskiedenis van onder” nie: Dit was hulle insiens neutraal, nie politiek-aktivisties gerig of “teoreties-ingelig” wat 'n ware alternatief vir “geskiedenis van bo” kon bied nie. Kritiek is op die nuwe sosiale geskiedenis “van onder” van sowel die Annalesskool as die historici van die moderniseringsteorie deur die Britse Marxistiese historici uitgespreek.<sup>3</sup> Eersgenoemde het bewussyn en 'n politieke dimensie uit sy kollektiewe mentaliteitsgeskiedenis en kwantitatiewe studies van die samelewing, veral “klas”, uitgeskakel en die populêre kultuur van die gewone mense geïgnoreer. Laasgenoemde het die lewe en ervaring van die arbeidende mense tot “aanpassing” al dan nie, gereduseer en die laere klasse van die verlede van politieke en ideologiese identiteit weerhou. Ook die Amerikaanse radikaal-populisties, links-liberale historici het onder skoot gekom omdat hulle net weerstand en stryd ken en nie aandag gee aan die laere klasse se openbare ervaring en kulturele praktyk nie. Dié se geskiedskrywing het eerder 'n geskiedenis *vir* onder as 'n geskiedenis van benede *op* geword.

Die Britse Marxistiese historiese tradisie het tussen 1946 en 1956 ontstaan uit 'n historikus-groep van die Kommunistiese Party, o.a. M. Dobb, C. Hill, E. Hobsbawm, E.P. Thompson, V. Kiernan en G. Rudé wat aktiewe lede van genoemde party was.<sup>4</sup> Deur die K.P. aangemoedig het hulle begin met die geskiedenis van die Britse arbeidsbeweging. In 1952 het hulle 'n tydskrif uitgebring, *Past and Present* en belangrike studies gelewer oor sowel arbeidsgeskiedenis as sosiale teorie en daardeur bygedra tot die ontstaan van 'n “demokratiese” en sosialisties-historiese bewussyn. Die kapitalisme is ontleed en daar is gekonsentreer op veral kleinboer- en stedelike werker-geskiedenis. Vir hulle het geskiedenis en sosiologie in 'n simbiotiese verband bestaan. Klassestryd-ontleding op 'n histories-materialistiese basis is gedoen, en 'n bydrae gelewer tot die ontwikkeling van die historiese perspektief bekend as

2. H.L. Wesseling: “Over de vooruitgang der Geskiedwetenschap in Nederland sinds 1945” (*Jaarboek van de Maatschappij der Nederlandse Letterkunde te Leiden*, 1984–1985, Leiden 1986), p. 14.  
Harvey J. Kaye: *The British Marxist Historians*, Cambridge 1984, pp. 224–225.  
Harvey J. Kaye, a.w., p. 10.

“geskiedenis van onder”, wat uit vrees dat dit 'n geskiedenis *vir* die onderste lae sou word, verander is na 'n “history from the bottom *up*”. Dit was in opposisie teen die perspektief van die elite, die besitters- en regerende klas, se geskiedenis van bo. Sentraal was die historiese ervaring, handelinge en stryd van die laer klasse met die doel om die geskiedenis wat deur hulle self gemaak is maar nie deur hulle self geskryf is nie, te boek te stel.

Die werk oor kleinboere (peasants) en industriële arbeiders is gebaseer op 'n rewolusionêre en demokraties-sosialistiese bewussyn wat baie met die “politics of history” te doen het. Die ouer garde het jong historici geïnspireer om 'n “people's history” te skryf met as uitgangspunt van onderaf *boontoe*. Hulle het in opposisie teen die literêr-artistieke kultuur van die elite, *kultuur* as konsep verbreed deur sowel die “sosiale” as die “populêre” sy van die massa te betrek. Eric Hobsbawm (geb. 1917) het na aanleiding van die Mau-Mau in Kenia gesoek na soortgelyke voorbeelde in die moderne Europa – “banditry of the Robin Hood type”, rewolusionêre kleinboer-bewegings, geheime organisasies, opstande, onlus, rituele en godsdienstige sektes, wat hy histories in *Primitive Rebels* (1959), *Captain Swing, A social history of the great English Agricultural Uprising of 1830* (1974) en *Bandits* (1981) beskryf het. Dit het ook navolging in Suid-Afrika gevind waar die plattelandse misdadiger as nuwe stedelike held voorgestel word.<sup>5</sup> E.P. Thompson (geb. 1924) het 'n modelwerk oor *The Making of the English Working Class* (Penquin, 1963) geskryf, en beweer dat daar geen “neutrale” geskiedenis kan wees nie. Die heersersgroep verberg in hulle historiese werk hoe die samelewing eintlik werk. Daar moet dus simpatie van die kant van die historikus vir die slagoffers van die kapitalistiese historiese proses wees en skeptisisme oor en kritiek op die onderdrukkers se eise. Hy het aandag gevra vir sowel oorheersing as uitbuiting van die laer klasse.

Harvey Kaye som die werk van die Britse Marxistiese skool van historici soos volg op: Hulle bestudeer nie die kleinboer- en werkersklas se ervarings in isolasie nie, maar plaas dit binne die konteks van historiese klasseverhoudings en -konfrontasies. Dit bring mee dat hulle nie die politieke dimensie van sulke ervarings uit die oog verloor nie. Klasseverhoudings is vir hulle altyd politieke omdat dit oorheersing en stryd impliseer. Die ervaringe van die laer klasse word bestudeer omdat hulle self aktiewe deelnemers was in die maak van hulle eie geskiedenis, eerder as passiewe slagoffers. Aan die armes van die verlede gee hulle die “geskenk” van die Marxistiese teorie. Weerstand en opstand word beklemtoon, veral in die “people's history”, hoewel hulle erken dat hulle nie die eerste was wat “volks”-geskiedenis of geskiedenis van onder-af geskryf het nie. By die oorheersende klas wil hulle deur hul geskiedskrywing hoop wek. Die tydskrif *History Workshop* het in die jare sestig tot stand gekom wat 'n jong geslag historici deur die praktyk van historiese “werkswinkels” gehelp vorm het en dit het ook in Suid-Afrika weerklank gevind.<sup>6</sup> Daarin is die tradisie en perspektief van die Marxistiese historici geïntegreer met die tradisie van werker-skrywer uit die arbeidsbeweging. Dit is deur die historiese werkswinkels dat van “demokratisering” in die geskiedwetenskap gepraat kan word. Die geskiedenis is deur deelname van sowel akademië as lekeskrywers na die laer klas van die bevolking gebring, wat geleer word

5. C van Onselen: *The small matter of a Horse. The Life of 'Nongoloza' Mathebula, 1867–1948*, Johannesburg 1984.

6. H J Kaye, a.w., pp. 221–249; Belinda Bozzoli (red.): *Labour, Townships and Protest*, Johannesburg 1979 en *Town and Countryside in the Transvaal. Capitalist Penetration and Popular Response*, Johannesburg 1983 (History Workshop I & II).

om hulle eie geskiedenis in die vorm van “historiese ervaring” daar te stel. Dit moet as korrekatief dien op die ou heersersklasgeskiedskrywing en het die konsepsie van die historiese proses wat saamval met die geskiedenis van bo, uitgedaag. Dit moet politieke gevolge hê, nl. aktivering van die werkersklas en onderdrukte.

Die Britse Marxistiese historici het 'n belangrike invloed uitgeoefen op die sosiale geskiedenis in die VSA, veral op die historici wat verbonde is aan die Amerikaanse “Radical Historians” Organization”, wat in 1973 gestig is.<sup>7</sup> Hulle tyd- en strydskrif is *Radical History Review*, waartoe radikale historici soos Howard Zinn, Herbert Gutman, C L R James, Linda Gordon, N Z Davis, S Lynd en D Montgomery behoort. Howard Zinn se boek *The Politics of History*, het in 1970 verskyn. Hy was nie tevrede met die ou “New History” se passiwiteit nie en het geskiedenis met die politiek verbind. Bewuste betrokkenheid en historiese aktivisme moet die laer klasse tot bevryding dien. Partydigheid vir die werkerstand is 'n kenmerk van sy werk. Die “New Left” of links-liberale beweging het sy oorsprong in 'n studie van die Amerikaanse Negervraagstuk gehad. Vir Zinn is geskiedskrywing 'n politieke strydmiddel: Alle historiese studies behoort sosiale relevansie te hê, wat tot politieke aksie kan lei. Daarom is “present-interest” van belang: opheffing van armoede, uitskakeling van sosiale ongeregtheid, bestryding van rasse-diskriminasie en die opheffing van beperkings op die vryheid van die arbeiders. Politieke besluite van die staat moet ontmasker en ideologiese versluiering van die heersersklas blootgelê word, terwyl die aanwysing van rewolusionêre ideale, d.w.s. verandering van die bestaande orde deur kritiek met die oog op toekomstige bevryding van die werkersklas, deur die radikale historikus bepleit word. Dit getuig van 'n radikale vorm van betrokkenheid wat uit 'n geskiedenis van onder tevoorskyn moet kom, *vir* die onderste lae bedoel. Dit moet die vergete “underdog” van die samelewing teen uitbuiting en onderdrukking in beskerming neem. Klas en klassebotsing is hier 'n sentrale tema.

Die doel van die radikale historici is om die visie op die verlede te verander. Nie die dade van regeerders nie, maar die lewe van gewone mense, vroue, swartes, werkers en kleinboere moet bestudeer word. Die doel is die blootlegging van die werklike vraagstukke en konflikte wat hulle wêreld oorheers. Daarom word lewenservaring en politieke verbintenisse sentraal gestel. Die Amerikaanse radikale historici beskou Hobsbawm en Thompson as die grondvesters van hulle tipe sosiale geskiedenis<sup>8</sup>, 'n ware geskiedenis van onder. Hulle het geprotesteer teen die geskiedenis wat deur die staat aan hulle opgedring word, nl. beelde van die onvermydelikheid van die wyse waarop dinge in die huidige samelewing is. Dit geld o.a. die verdeling van mag en rykdom. Dié soort gevestigdheid moet omvergegooi, en 'n verband gelê word tussen die praktyk van die geskiedskrywing en die politiek. Vergete ervarings van bewegings teen sosiale en politieke oorheersing moet aan die vergetelheid ontruk, en die strukture van oorheersing aan die lig gebring word. Hulle sien die onderdrukte nie net as slagoffers nie, maar ook as historiese aktors in eie reg, individue en groepe wat weerstand teen onderdrukking gebied, en in dié proses 'n eie kulturele lewe geskep het. By Marx het hulle geleer dat die wêreld nie net vertolk nie, maar verander moet word, wat na bevryding in die toekoms moet lei.<sup>9</sup> Geskiedenis, 'n byproduk van politieke aktivisme,

7. Harvey J Kay, a.w., p. 231.

8. Marho (ed. H Abelove e.a.): *Visions of History*, Manchester, 1983 (1e x 1976), p. x. Kyk ook Peter Schäfer: “Zu neueren Tendenzen in der bürgerlichen Geschichtsschreibung der USA” (*Zeitschrift für Geschichte*, 32(7) 1984), p. 597.  
Marho a.w., pp. ix–xi.

moet vir 'n wyer publiek toeganklik gemaak word waartoe die "History Workshops" as middel dien – hier dus ook 'n "demokratisering" van die geskiedwetenskap. Lynd noem "history from the bottom up" 'n soort guerilla-geskiedskrywing. Die werker moet geleer word om nie net *oog* te wees nie, maar ook *hand*.

Die Britse Marxistiese skool van historici, die Amerikaanse "Radical History" van die "New Left" en die Franse Marxistiese volkekundiges het sedert die middel van die sewentigerjare groot invloed op 'n deel van die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing uitgeoefen<sup>10</sup>, veral deur die werk en visie van Shula Marks. Belinda Bozzoli noem dit die "'new school' of radical historiography"<sup>11</sup> waarvoor Ravan Press as uitgewer dien. Marian Lacey, wie se werk oor arbeid en klasseverhoudings handel, sê dit is verryk deur die "more theoretically-informed radical perspective of the new school of South African historiography".<sup>12</sup> Bozzoli is oortuig die nuwe skool het die Marxistiese tradisie van geskiedskrywing diep in die onontgonne gebied van Suid-Afrika laat ingang vind.<sup>13</sup> Sy sien dit as "an alternative history which looks at things from below"<sup>14</sup>. So 'n geskiedenis "should resonate with the lives of ordinary people rather than reflect the deliberations of the ruling classes or the theoretical concerns of structuralist abstractionism". Laasgenoemde verwys na die abstrakte werk van vroeëre Suid-Afrikaanse Marxistiese historici, waaruit die mens in 'n waas van teorie verdwyn het. Sy is teen die regerende klasperspektief van geskiedenis gekant – haar insiens 'n eensydige geskiedenis van bo, wat 'n gevestigde beeld van die verlede aan skoliere opdring. Die verlede moet herondersoek en die "uitbuiting en onderdrukking" van die kapitalistiese stelsel met die oog op bevryding aan die kaak gestel word. In die sentrum van haar belangstelling staan die onderworpe klasse, die onbevoorregdes en die onteindes, wat moes worstel om 'n plek in die uitbuitende kapitalistiese stelsel en onderdrukkende staatsbestel te vind. 'n Mens sou van "werkerisme" en "populisme" as ideologiese beginsels vir dié geskiedskrywing kan praat, of, miskien meer korrek, 'n proletariese lewens- en wêreldbeskouing.

Die beginsel van "History Workshops" is ook in Suid-Afrika toegepas: die eerste werkwinkel het in 1978 tot stand gekom en is in 1981 voortgesit. Die resultate wat uit sowel bydraes van wit akademici as swart leke bestaan, is in twee bande gepubliseer<sup>15</sup>. Dit is in die geskiedenis-werkwinkels dat die geskiedskrywing "gedemokratiseer" word tot "a people's history". Nie die oorheersers nie maar die swart onderworpenes en onderhoriges word in die middelpunt van ondersoek gestel. 'n Werkwinkel is volgens Bozzoli 'n "popular occasion" waaraan gewone mense deelneem. Dit moet bewussyn bring by diégene wat vroeër buite die geskiedenis gestel is en 'n klas- en politieke besef stimuleer. Nie magspoliteik of die lewe van mynmagnate word behandel nie, maar "the 'common' man, the 'people'" soos werkers en huisbediendes. Woongebiede, "the great unwritten history of the South African working class" kry vir die eerste keer aandag<sup>16</sup> en klassevorming, asook die alledaagse ervaring en lewenstoestande, is in die

- 
10. Kyk F A van Jaarsveld: *Omstrede Suid-Afrikaanse Verlede, Geskiedenisideologie en die historiese Skuldvraagstuk*, Johannesburg 1984, pp. 72–122.
  11. B Bozzoli: *Town and Countryside in the Transvaal*, Johannesburg 1983, p. 2 en 19.
  12. M Lacey: *Working for Boroko, the Origins of a coercive Labour System in South Africa*, Johannesburg 1981, p. xii.
  13. Bozzoli, a.w., p. 3.
  14. Bozzoli, a.w., p. 8.
  15. Kyk voetnoot 6 bo.
  16. B Bozzoli (red.): *Labour, Township and Protest*, Johannesburg 1979, p. 5.



visier. Die optekening van die persoonlike lewensverhale van werkers<sup>17</sup> is ook 'n vorm van demokratisering in die geskiedenis.

Die werkwinkel is ingestel op die popularisering van die geskiedenis. Opvoerings deur die aanwesiges van historiese tonele soos byvoorbeeld stakings, historiese prentvertonings en persoonlike getuienis vorm 'n onderdeel van die bedrywighede van die werkwinkel. Die "people's history" word geslyp in die "crucible of politics, and presented by the influence of ideology on all sides". Dit gaan enersyds af op "pop"-geskiedenis en andersyds op 'n werker-georiënteerde historiese materialisme. Populêre aanbiedings moet help om die werkersklas hulle eie geskiedenis te laat herwin en hulle eie kulturele verlede daar te stel. Hierin speel mondelinge getuienis 'n rol. Dit openbaar die geskiedenis as ervaring. Hoe die geskiedenis van onderaf lyk, kom goed uit in die werk van Van Onselen<sup>18</sup>. Kapitalisme en uitbuiting word deur die radikale skool uitgedaag. Hulle werk staan ook in die teken van "the politics of history". Die doel van 'n demokratisering van die geskiedenisbeoefening is om verhale deur werkers vir werkers en dié se standpunte, lewenswyse, probleme, ervaring en kultuur aan te bied. 'n Goeie voorbeeld van die nuwe "pop"-geskiedenis van onderaf wat "volks"-geskiedenis genoem word, is Luli Callinicos se *A People's History of South Africa* in twee bande<sup>19</sup>. Dit is opgedra aan die werkers wat haar insiens die vermoë het om die kennis wat sy aanbied tot "mag" te maak. Die radikale se nuwe soort geskiedenis van onderaf het soos die Britse Marxistiese en die Amerikaanse New Left-tradisie 'n kommunikatiewe en emansipatoriese, d.w.s. rewolusionêre inslag.

### 'n Nuwe geskiedenis van die alledaagse kultuur: demokratisering en 'n kommunikatiewe en emansipatoriese geskiedskrywing

In teëstelling met die ou alledaagse geskiedenis soos byvoorbeeld beoefen deur G M Trevelyan in sy *English Social History* waarin dit om die "daily life" gaan "with the politics left out", het daar in die Duitssprekende wêreld van die afgelope 15 jaar, heel vinnig 'n nuwe geskiedenis van die alledaagse kultuur opgekom<sup>20</sup>. Daar was impulse uit die Anglo-Amerikaanse en Franse geskiedbeoefening, maar dit was hoofsaaklik 'n reaksie op of 'n protes teen die gevestigde nuwe sosiale geskiedskrywing soos in Wes-Duitsland sedert 1960 beoefen. Jörn Rüsen het aangetoon dat laasgenoemde soort geskiedskrywing gevolg het op 'n tydvak van herleefde historisme ná die Tweede Wêreldoorlog en van versnelde transformasie van die geskiedwetenskap in die vroeë sestigerjare<sup>21</sup>, deur T S Kuhn as 'n "wetenskaplike rewolusie" omskryf. Geskiedenis van bo in die ou Ranke-tradisie is in dié paradigkawisseling verander na 'n geskiedenis van onder, m.a.w. die tradisionele politieke geskiedenis het minder aftrek gekry, terwyl sosiale geskiedenis gewild geword het. Onder invloed van onder andere Hans-Ulrich Wehler se nuwe vorm van geskiedenis nl. as 'n histories-sosiale wetenskap wat onder andere met teorieë, modelle, idealtipes interdisiplinêr te werk gaan, het die klem van gebeurtenisse en persone na 'n analise van historiese prosesse en strukture

- 
17. Ravan Worker Series: *My Life Struggle, the Story of Petrus Tom*, Johannesburg 1985. Kyk ook Makhoba: *The Sun shall rise for the Workers*.
  18. C van Onselen: *Studies in the Social and Economic History of the Witwatersrand 1886—1914*, I *New Babylon*, II *New Nineveh*, Johannesburg 1982.
  19. Johannesburg, 1980 en 1985.
  20. Hubert Ch Ehalt (red.): *Geschichte von Unten*, Wenen 1984.
  21. Jörn Rüsen: "Development of West German Historical Studies: a Reconstruction and Outlook" (*German Studies Review* VII/1 Feb 1984), p. 17.

verskuif.<sup>22</sup> Dit het vanweë kwantifisering en teoretiese toepassing of -vorming as abstrak en moeilik lees- en verstaanbaar vir die gewone mens voorgekom.

Terwyl daar tot 'n sosiaal-ekonomiese verklaring van die politieke geskiedenis oorgegaan is, het 'n studie van sedes, rituele, feeste, gebruike, gedragswyse, simbole, emosies, wêreldbeelde en godsdienstige oortuigings agterweë gebly. In die geestesgeskiedenis is die bewussyn van die boonste, ontwikkelde lae behandel, wat om hooggestileerde instellinge van die kuns, godsdienste en reg sentreer, terwyl die kultuur van die gewone mense buite rekening gelaat is. In die bemoeiing met struktuuranalise van lange duur is belangrike aspekte van sosiale en kultuurgeskiedenis verwaarloos. Die vraag na die werklike lewe, dié van "klein mensies", die gewone, eenvoudige, alledaagse deursneemings, die arbeider, het onbeantwoord gebly, behalwe dat van hulle organisasies aftrek gekry het. Hoewel die historiese demografie<sup>23</sup>, familie-geskiedenisnavorsing<sup>24</sup> en historiese kultuurantropologie<sup>25</sup> vir die eerste keer die onderste lae op die voorgrond gebring het, is die sosiale lewenswêreld van die gewone mense – die "volk" – na die rand verskuif en buite sig gelaat. Hulle het slegs in getalrelyste en langtermynse strukture verskyn, wat hulle verontmenslik of anoniem laat voel het. Hierby kom dat omgewingsprobleme, ekonomiese krisisservaring en massawerkloosheid – die gevolge van ekonomiese groei en die moderniseringsproses – kritiek op die skadus van die kapitalisme en die geloof aan vooruitgang laat ontstaan het. Daar was 'n behoefte aan 'n gevoel van geborgenheid, identiteit, eie wortels, en woonplek in die samelewing, asook skeptisisme teenoor die groot-ondernemings en industriële tegnologiese met hulle mensvriendelike roetine-voorskrifte wat die lewe van die eenvoudiges benadeel het.

Dit alles het meegewerk tot 'n geroep om 'n demokratiese omgang met en bewerking van die geskiedenis in die sin van 'n kommunikatiewe en emansipatoriese wetenskap. Historiese bewussyn<sup>26</sup> moet by die onderste lae van die bevolking gewek word en die kloof tussen die akademiese geskiedskrywer en die gewone mens oorbrug word. Daar is na 'n nuwe oriëntering in die historiese navorsingsarbeid gesoek wat in 'n neutredop, "aliedaagse" geskiedenis genoem is. Die geskiedenis van die aliedaagse as 'n vorm van sosiale geskiedenis was dus 'n protes en verset teen die abstrakte en byna verontmenslikte soort proses- en struktuurgeskiedenis. Daar was behoefte aan 'n meer menslike geskiedenis wat persone en groepe in hulle konkreetheid en aanskoulikheid van binne kan toelig. "Geboreword, grootword, ryping, huwelik, kinders, siekwees, oudword en sterwe", skryf Arthur Imhof, is aan niemand vreemd nie. Vandaar sy boek: *Die verlorenen Welten: Alltagsbewältigung durch unsere Vorfahren – und weshalb wir uns heute so schwer damit tun ...*<sup>27</sup>.

Die verwaarloosde meerderheid onderaan die sosiale piramide – "geskiedenislose" groepe met 'n onaantreklike verlede – se lewenswyse en kultuur is ontdek en

22. Jürgen Habermas (red.): *Observations on the Spiritual Situation of the Age, Contemporary German Perspectives* – Hans-Ulrich Wehler: "Historiography in Germany Today" (Londen 1984), pp. 221–259; Jörn Rüsen: "Grundlagenreflexion und Paradigmawechsel in der westdeutschen Geschichtswissenschaft" (nog ongepubliseerde opstel).

23. Kyk Arthur Imhof: *Einführung in die Historische Demographie*, München 1977.

24. Hans Medick & David Sabean: *Emotionen und materielle Interessen, Sozialanthropologische und historische Beiträge zur Familienforschung*, Göttingen 1984.

25. Jürgen Kocka (red.): *Geschichte und Gesellschaft* 10/3, 1984 – *Sozialgeschichte und Kultur-anthropologie*.

26. *Das Parlament* 36/20-21, 17–24 Mei 1986: "Geschichtsbewusstsein", pp. 1–19.

27. München 1984.

gerekonstrueer. Die klein eenvoudige mensies het anders as die groot akteurs geen openbare spore soos by kabinetpolitiek en internasionale verdrae, nagelaat nie, en dié moet in die vorm van mondelinge geskiedenis opgespoor word. 'n Nuwe, wyd-verspreide belangstelling het in die alledaagse geskiedenis en kultuur van die laere klasse ontstaan<sup>28</sup>. Die nuwe alledaagse geskiedenis bemoei hom met die arbeiderdom, arbeidsbewegings en arbeiderkultuur. Dit was 'n belangstelling in die benadeeldes, verontregtes, armes en die slagoffers van die ekonomiese groeiproses. Dié geskiedenis se objek van ondersoek is die wêreld van die klein mensies: Aan hulle kom medelye toe. Dit is 'n korrektiewe geskiedenis van onder teenoor die perspektief van geskiedenis van bo, 'n ondersoek na konkrete gevalle en 'n konsentrasie op kulturele verskynsels. Boere en arbeiders, knegte, diensbodes en vroulike bediendes op die platteland, werkplekke, kindheid, jeug en ouer in die voor- of industriële huisgemeenskappe, individuele lewensbeskrywing van mynwerkersvroue, die posisie van die groot meerderheid van die mensdom, die vrou, teen wie deur die eeue gediskrimineer is, het in die mode gekom. Daar is ontdek dat die geskiedenis tot hertoe eintlik die geskiedenis van mans was!

Dit is 'n geskiedenis van klein alternatiewe in die sin van “klein is mooi” – stadsbuurtes, kleinboergemeenskappe en mynwerkerskwartiere. Dié word konkreet van binne-uit volgens persoonlike ervaring en uit die hoek van die betrokkenes beskryf. Die voorliefde vir die eenvoudige klein mensies is 'n soort terugkeer tot die 18de eeuse natuurmens, die “bon sauvage”. Daar was 'n perspektiewisseling van die abstrakte na sosiale waarnemingsvorme en sosio-kulturele gedragspatrone wat neerkom op die subjektiwiteit van lewenservaringe. Die nuwe navorsing oor die alledaagse geskiedenis wil kennis daarstel van hoe bepaalde lewensvoorwaardes deur die gewone mense waargeneem, ervaar en belewe is. Dit is nie geïnteresseerd in 'n anonieme maatskaplike analise nie, maar in 'n subjekbetrekte lewenswêreldontleding. Materiële kultuur, voeding, kleding, behuising, verbruik en arbeidsverhoudinge het die belangstelling gaande gemaak en na fyn detailbeskrywing gelei. Die groot lyne van die geskiedenis het sodoende verdwyn.

Ook is tot 'n nuwe kultuurbegrip oorgegaan. Gewoonlik is onder “kultuur” hoë kultuur verstaan, nl. wat eersteklas kunstenaars, skrywers en komponiste produseer om dan deur die massa gekonsumeer te word. Tans is dié begrip ook gedemokratiseer, om byvoorbeeld te dink aan Jean Hurstel se “Action Culturelle”, waarvolgens kultuur tot 'n gedesentraliseerde kollektiefskeppende verskynsel word. Daar word nie meer tussen hoë en alledaagse kultuur onderskei nie; dit word as 'n omvattende lewenstotaliteit begryp, 'n gesamentlike lewensamehang in al sy vorme en uitinge, m.a.w. gesien as 'n uitdrukking van sosiale voorwaardes, waarin die alledaagse en die onderste lae van die bevolking betrek word. As gewone mense eie musiek kan maak, kan hulle mos ook hulle *eie* geskiedenis skrywe. Geskiedenis hoef dus nie net deur die akademiese spesialiste daargestel te word nie. Leke uit die volk kan ook hulle eie eksperte op die terrein van hulle eie verlede wees. Leke sal dan immers gelykberegtig met professionele navorsers wees!

Die nuwe soort alledaagse ervaringsgeskiedenis word in geskiedeniswerkwinkels voortgebring – 'n metode wat uit Amerika en Brittanje ook na die Duitssprekende wêreld oorgewaaai het. Daarin word met kollektiewe historiese projekte

28. Hubert Ehalt (red.): *Geschichte von unten, Fragestellungen, Methoden und Projekte einer Geschichte des Alltags* (“Umgang mit Geschichte zwischen Wissenschaft, politischer Bildung und politischer Aktivierung” en H Konrad se “Neue Wege in Forschung und Vermittlung von Geschichte”), Wenen 1984, pp. 11–58.

geëksperimenteer. Dit word as selfvorming en voorbereiding vir demokratiese inisiatief beskou. Aksie- of werkgroepe bestaande uit hoërskoolleerlinge of arbeiders op werkplekke, word betrek en met bandopnemers of vraelyste (o.a. "Onthou jy nog?") voorsien en dié gaan dan in 'n stadsbuurt, fabriek, werker- of boeregemeenskap rond om opnames te maak en inligting oor die verlede in te win. Dit word in "seminare" bespreek, aangevul en van foto's van werkers voorsien. Ook word dit deur joernaliste, amateur- of jong historici met bronne uit argiewe aangevul, wat dan na publikasies lei, soms met omstrede resultate. Alledaagse geskiedenis met sy swaartepunt in die lewe van die werkers, d.w.s. die kultuur van eenvoudige mense, skep dus 'n eie wêreld. Hulle geskiedenis word nie net gevind in konskripsie- en stemlyste, owerheidsaktes, geboorte-, doop-, huweliks- en sterfte-registers nie, maar ook in mondelinge vertellings – "oral history" – wat 'n belangrike bron van inligting geword het. Deur middel hiervan word die eie plaaslike geskiedenis ontsluit – dus deur selfdeelname – waarin ervaring sentraal staan en 'n stukkie beperkte verlede vanuit die hoek van die betrokkenes bekyk word. Dit word dan 'n rekonstruksie van 'n regionale-, streeks- en sosio-kulturele milieu. Beoefenaars van die alledaagse geskiedenis grens hulle af van die gevestigde historici-gilde en verstaan hulleself as herinneringsnavorsers wat buite in die veld dokumenteer, en nie in die eerste plek na geskrewe bronne gaan nie. Kollektiewe ervaringe en selfbeleefde geskiedenis word die hoofbron. Dit getuig van persoonlike betrokkenheid. Die versamelaar van mondelinge getuienis wat aan die produksie van bronne meewerk, het belang by die getuienis. Dié kan gelei en beïnvloed word en sodoende kan eensydigheid in die hand gewerk word as dit nie aan skriftelike bronne getoets word nie.

Daar kan na 'n paar voorbeelde van goeie alledaagse geskiedenisresultate gekyk word – daar is ook talle slegtes – alvorens die moontlikhede, probleme en nadele daarvan ondersoek word. In 1978 het in Swede 'n beroemde boek van Sven Lindqvist verskyn wat 'n hele beweging van alledaagse geskiedenis van onder af ten gevolg gehad het, nl. "Grawe, waar jy staan" (In Engels *Dig, where you stand* en in Duits *Grabe, wo du stehst*). "Vir 'n 100 jaar sê ons, dat die geskiedenis van Swede die geskiedenis van hulle konings was. Vandag word dit as oud-modies beskou. Maar tog word die geskiedenis van die Sweedse industrie tot vandag toe nog as die geskiedenis van hulle besitters en direkteure beskou"<sup>29</sup>. So het Lindqvist geskryf. Omdat sy oupa 'n sementfabriek-arbeider was, het hy in die Sweedse sement-industrie geïnteresseerd geraak, en bevind dat al die geskiedenis daarvoor 'n verhaal was van direkteure, dat die bedryfsleiding nooit 'n fout kon maak nie, dat die bydrae van die direkteure groter was as die arbeiders s'n en dat laasgenoemde gekenmerk word deur onrealistiese eise, wat van die leiding beding is. Die betrokke werkers is dus van die amptelike annale uitgesluit. Toe het Lindqvist besef dat die geskiedenis vanuit 'n nuwe gesigspunt herskryf moet word, nl. van onder af, d.w.s. vanuit die lewe, ervaringe en kultuur van die werkers, en dat hulle deelname moet hê aan navorsing oor hulleself. Hy het argivale navorsing verbind aan mondelinge getuienis ingesamel onder arbeiderwerkgroepe, waaruit 'n plastiese beeld van die alledaagse gebiede van arbeid, familie, skool, vrye tyd, vroeë sterftes aan mesothelium, kultuur, en dies meer, geïllustreer deur foto's van arbeiders, tevoorskyn gekom het. Die mens agter die sement word aan ons getoon. 'n Ander soortgelyke publikasie is *Kohle war nicht alles: 100 Jahre Ruhrgebietsgeschichte*<sup>30</sup>, 'n "leesboek" van Hochlamarker wat as stadsdeel van Recklinghausen

29. Hubert Ehalt, a.w. p. 295.

30. *Hochlamarker Lesebuch*. Oberhausen 1981.

deur die steenkoolmynbedryf ontstaan het. 'n Geskiedenisnavorsingskring waaraan die mynwerkers deelgeneem het, het op die inisiatief van die plaaslike volkshoërskool tot stand gekom. Mondelinge en skriftelike getuienis en foto's bring 'n maatskaplike, ekonomiese en kulturele beeld na vore, waarin die trek uit die ooste, families, wonings, skole, handel, bedryf, werksplekke, verenigings en partye behandel word. Sodoende word ons die mens agter die steenkool getoon.

Dit bring ons by die moontlikhede en probleme van die nuwe geskiedenis van die alledaagse as 'n ervarings-, kommunikatiewe en bevrydende geskiedskrywing. Hans-Ulrich Wehler<sup>31</sup> het aangevoer dat geskiedenis van onderaf bekyk, groot nut kan hê en die geskiedwetenskap kan verryk. Dit wek historiese bewussyn by die gewone mens en heel die breuk tussen die professionele beoefening van die geskiedenis en die gewone publiek. 'n Goeie alledaagse geskiedenis kan ontstaan wanneer dit 'n teorie-geleide en raseoneel-gedissiplineerde maar tog konkreet-aanskoulike geskiedenis van die arbeid word. Die gewone leser sal 'n geslaagde alledaagse geskiedenis makliker vind as 'n proses- en struktuurontledende sosiale geskiedenis. Dit kan in beginsel belangrike aanvullings bring, maar 'n langer tyd van eksperimentering sal nodig wees. Die probleme begin egter by die onsekerheid wat met die begrip "allegaags" bedoel word: Bestaan daar bv. iets soos *nie*-allegaags? Dit lyk of "allegaags" 'n kategorie is sonder selfstandige verklaringswaarde. Hoe skakel die "klein"-geskiedenis in by die groot geskiedenis? Wehler noem die nuwe alledaagse geskiedenis 'n romanties-verklarende pseudo-realisme wat hom liefdevol verdiep in antikwariese besonderhede van die proletariese bestaan. Dit is op jag na mondelinge bronne waarvan die metodiese eksaktheid nie gewaarborg is nie. In 1981 het Wehler kritiek uitgespreek in 'n artikel, "Der Bauern bandit als neuer Heros"<sup>32</sup>. Sonder inskakeling by 'n omvattende geskiedbeeld en sonder kennis van teorie dreig 'n doodloopstraat.

Volgens Jürgen Kocka loop dié soort geskiedenis gevaar om 'n nostalgiese idealisering van die voor-industriële lewenssaard van die werkers te word wie se ellende, nood, bedruktheid onderskat word. Hy wys op die gevaar van 'n vlug van inspanning en begrip, op sosiale romantiek, neo-historisme, deelnemende waarneming en die uitsluiting van komplekse maatskaplike samehange<sup>33</sup>. 'n Monolitiese blok van alledaagse geskiedenis kry ons nie. 'n Mens sou, byvoorbeeld, moeilik 'n boek kan skryf oor die Duitse alledaagse lewe tussen 1815 en 1848. Die begrip "allegaags" is veelduidig en onduidelik. Wehler wys op anti-houdinge, ideologiese oogklappe en 'n linkse benadering by die alledaagse geskiedenis wat in opposisie is teen die sosiale gevolge van die Westerse moderniseringsgeskiedenis. Nie die klein menses het die moderne dinamiek aan die gang gesit nie, maar die moderne staatsvorming en kapitalisme. Omdat die alledaagse die in-ding is, staan dit in die teken van kommersialisering en verkoopswaarde. Die emosiegelaaide idealisering en bisarre verabsolutering van die klein wat nie meer inskakel by die groot geheel van die samelewing nie, is 'n nadeel. Alledaags *an sich* bestaan nie. As dit sinvol wil wees, moet dit by algemene prosesse en strukture ingebedding word, nl. ekonomies-konjunkturele en klassegeleding.

Persoonlike betrokkenheid by die alledaagse is ontoereikend om ervaringe te beoordeel: Naas ellende was daar tog ook brutaliteit, haat teen die owerheid en bar-

31. H-U Wehler: "Geschichte von unten gesehen: Wie bei der Suche nach dem Authentischen Engagement mit Methodik verwechselt wird" (*Die Zeit* 19/3, Mei 1985), p. 64.

32. *Die Zeit* 39, 18.9.1981, p. 44.

33. Hubert Ehalt, a.w., p. 33.

baarsheid selfs, by die onderste lae? Vyandige gesindheid van die kant van die alledaagse geskiedenis teen teorieë, sy oormatige, dikke beskrywing en sy prinsipiële onvermoë om te sintetiseer toon dat 'n struktureringskern ontbreek en dat 'n oorsigdaarstelling nie bereik kan word nie. Die soek na 'n direkte weg na binne grens aan mistifikasie en is irrasioneel: emosies, simpatie en betrokkenheid getuig van die gebrek aan 'n wetenskaplik-gedissiplineerde verstaan. Die alternatiew-kulturele en links-bevrydende geskiedeniswerkswinkels, aldus Wehler, is 'n onderneming van sosiale en politieke kaalvoet-historici wat met die term "allegaagse" 'n mode-woord geskep het. Dit mag baie demokraties klink, maar dit ly onder linkse populistiese impulse, wat die wetenskap van die geskiedenis verpolitiseer en geen duim gaan verder bring nie. Slegte geskiedenis van die alledaagse, van onderaf bekyk, verdien eerder die benaming "pop"-geskiedenis.